# Van teks tot toets: Boublokke vir Vraestel 1

VivA in samewerking met Marné Brosens



# Uitdeelstuk 1

STUDIE: NIKOTIEN-AFHANKLIKHEID ONDER TIENERS 'ONGEKEND'

# 'Wetgewers moet damprook reguleer'

**Ané van Zyl**

Die omvang van nikotien-afhanklikheid onder tieners wat in onlangse navorsing oor damprook gesien is, is "ongekend", selfs in vergelyking met die rook van gewone sigarette onder die jongklomp.

So lui 'n verklaring van die Universiteit van Kaapstad (UK) oor 'n studie wat onder hoërskoolleerlinge oor die land heen gedoen is en wat wys dat 17% van die 25 149 leerlinge wat ondervra is, damprooktoestelle (*vapes*) gebruik.

In die studie is bevind damprook bring 'n "beduidende verslawing" vir 'n groot deel van jong gebruikers mee.

"Die mate van gebruik en afhanklikheid van nikotien is iets wat navorsers nog nooit in die verlede met tradisionele sigarette teëgekom het nie," sê prof. Richard van Zyl-Smit, hoofskrywer van die studie.

Die leerlinge wat deel was van die studie is van 52 hoërskole wat skoolgeld hef, geleë in stede soos Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban, Gqeberha, Bloemfontein, Pietermaritzburg en Oos-Londen.

Die data is ingesamel oor 'n jaartydperk tussen 2022 en 2023.

"Van die 17% van leerlinge wat tans damprook, doen 38,3% dit daagliks," lui die verklaring oor die studie.

"Meer as 50% van huidige gebruikers damprook meer gereeld as vier dae per week. Onrusbarend genoeg het 88% van die huidige damprokers gesê hulle gebruik produkte wat nikotien bevat."

Navorsers het ook tekens van verslawing ondersoek. "47% van tiener-damprokers gebruik hul toestel binne 'n uur nadat hulle wakker geword het – 'n sterk aanduiding van afhanklikheid.





**Foto ter illustrasie.** Foto: Getty Images

"11,8% het gesê hulle kan nie deur die skooldag kom sonder om te damprook nie. 24,9% het erken dat hulle angstig of kwaad voel as hulle vir 'n lang tyd nie kan damprook nie."

Samantha Filby, medeouteur van die studie, sê in die verklaring: "Ons het hierdie inligting gebruik om 'n nuwe damprookafhanklikheid-telling te skep. Dit toon 60% van die leerlinge het hoë afhanklikheid van damprook.

"Dit beklemtoon dat damprook 'n beduidende verslawing vir 'n groot deel van jong gebruikers teweegbring, en dui op 'n dringende behoefte om voorkoming te verskerp."

**Skole, ouers moet intree**

Filby sê daar is 'n behoefte aan basiese onderrig oor die gevare van damprook, reeds vanaf laerskool, met duidelike boodskappe dat damprook verslawend en onveilig is.

"Ons wil wetgewers druk om damprook te reguleer en skole, ouers en die openbare gesondheidsgemeenskap bewus maak dat daar 'n behoefte is om in te gryp," sê Filby, verbonde aan die UK se skool vir ekonomie.

"Ons het 'n openbare gesondheidskrisis in wording en ons moet daaraan aandag gee."

Sy sê ouers en onderwysers moet ingelig word hoe om die tekens van damprook en die onderliggende aandrywers daarvan te herken – soos groepsdruk, stres en geestesgesondheidsprobleme.

Die gebruik van e-sigarette of damprooktoestelle in skole word nie deur spesifieke regulasies gereguleer nie as gevolg van die gebrek aan regulasie op nasionale vlak, sê Bronagh Hammond, woordvoerder van die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD).

"Skole word egter aangemoedig om die gebruik en besit van e-sigarette en damprooktoestelle in dieselfde lig as tabaksigarette te beskou in terme van verbode middels op skoolgronde.

"Die omvang van damprook in skole is nie spesifiek bekend nie, aangesien dit nie noodwendig aangemeld word nie," sê sy.

"Ons is bewus daarvan dat baie van hierdie gevalle wel nie aangemeld word nie, of deur die skoolbeheerliggame ingevolge hul skoolgedragskode hanteer word. 'n Oortreding lei gewoonlik tot 'n strafmaatreël, wat van skool tot skool verskil.

"Skoolbeheerliggame word aangemoedig om te verseker dat die gebruik van e-sigarette of damprooktoestelle in hul gedragskode in ag geneem word, indien hulle dit nog nie gedoen het nie."

**Regulering ook nodig**

Filby sê regulering is ook nodig. "Advertensies wat op jeugdiges gerig is, behoort verbied te word, en ouderdomsbeperkings behoort afgedwing te word om die aanloklikheid daarvan en toegang daartoe te verminder," sê sy.

"Damprookprodukte is so maklik toeganklik omdat jy dit selfs op die Checkers Sixty60- of UberEats-app kan bestel," sê sy.

Die navorsers van die studie doen 'n beroep op die regering om die Wetsontwerp op die Beheer van Tabakprodukte en Elektroniese Damprooktoestelle dringend in werking te stel om "'n volskaalse nasionale epidemie" te verhoed.

Die studie was die grootste van sy soort in Suid-Afrika en is deur UK-navorsers onderneem in samewerking met ander van die Utrecht-Universiteit in Nederland. Dit is in Desember verlede jaar in die joernaal *The Lancet* se eClinicalMedicine-publikasie gepubliseer.

– **ane.vanzyl@24.com**

# Uitdeelstuk 2

1\. STOOMASEM IS SUID-AFRIKA SE EERSTE AFRIKAANSE WEGGOOIBARE TJOEF (VAPE) MET WALMS WAT WAARLIK TUIS VOEL IN JOU MOND. KIES UIT ONS WYE REEKS GEURE: DRUIFKRAG, VANIELJE TWAKKIE, SPOOKWASEM, SPANSPEKBEK EN VELE MEER! STOOMASEM SE VERSTELBARE VLOEIKLEP EN UNIEKE VERHITTINGSTELSEL SIT JOU TOTAAL IN BEHEER VAN JOU ROOK ERVARING. KOM BLAAS WALMS SO NA JOU SMAAK!

2\.







3\.




4\.




INFO@STOOMASEM.CO.ZA
WWW.STOOMASEM.CO.ZA

Not for sale to any person under the age of 18

18+

# Uitdeelstuk 3



# Uitdeelstuk 4

"Poenankies" is 'n woord wat geen positiewe "aha" by my ontketen nie. My meestal oorbesige duime tik nou die dag 'n plasing op Facebook, waar ek noem dit is een van my goorste goor woorde in Afrikaans.

Ek maak naderhand my duime nuttig op Google en kom af op 'n deeglike verduideliking deur Gerhard van Huyssteen op Viva-Afrikaans se webwerf. "Poenankies" is 'n Kaaps-Afrikaanse woord van Indonesiese oorsprong. Dit het begin met "pinang" (betelpruim), 'n stimulerende dog bitter kouding in Indonesië wat gewoonlik smaakliker gemaak word deur dit in soetighede toe te draai.

Jan van Riebeeck se kleindogter verwys in 'n brief na 'n "pinanckie", en van daar kon dit maklik verander het na "poenankie" en toe "poenankies".

Volgens die skrywer Dan Sleigh moes "pinang" oorspronklik gebruik gewees het om te verwys na dinge wat lekker en vertroostend is, en dit het in die volksmond sy pad gevind na iets wat oulik en fraai is.

Kortom – "poenankies" beteken "oulikies" of "fraaitjies". Jy kan dus met veiligheid na 'n oulike kleuter verwys as "poenankies".

Ek het egter 'n hekel aan oulike woorde, want ek glo hulle word gebruik deur mense, vroue en mans, wat dierbaar wil oorkom; daardie mense wat "Geloof Hoop Liefde" in geroeste metaal op hul stoep uitstal, net neffens daai strooikussings en tafeldoekie waarop woorde soos "hartsvriendin", "menskombersie" en "huilmooi" pryk. En, sy ryk herkoms ten spyt, "poenankies" verskyn ook op sommige van dié tafeldoekies.

Om die vrolike aanlyn bekgeveg te laat bedaar, plaas ek toe 'n vraag op Facebook. "Wat is jou beste woorde in Afrikaans en wat is jou goorstes?"

Die antwoorde het ingerol.